REMGRO SE BENADERING TOT **VERSLAGDOENING**

Die 2020 geïntegreerde jaarverslag verskaf 'n holistiese oorsig van Remgro se besigheidsmodel en hoe die maatskappy, asook beleggings, bestuur word. In hierdie opsig is die hooffokus om 'n volledige ontleding van ons besigheid te gee ten einde die inligtingsbehoefte te bevredig van sleutelbelanghebbendes wat die geïntegreerde jaarverslag gebruik.

Die inligting wat aldus aangebied word, het ten doel om ons belanghebbendes 'n goeie begrip te gee van die groep se impak op finansiële, maatskaplike, omgewings- en ekonomiese gebied en hulle in staat te stel om Remgro se vermoë te beoordeel om volhoubare waarde vir ons belanghebbendes te skep.

Om seker te maak dat alle wesentlike kwessies hanteer word wat ons, ons aandeelhouers en ander belanghebbendes affekteer, word daar ook oor die volgende sake verslag gedoen:

- Ons sakemodel;
- Ons belangrikste besigheidsrisiko's en geleenthede, soos deur die geïntegreerde risikobestuursproses geïdentifiseer; en
- Bestuursprosesse.

RAPPORTERINGSUITE

Die tabel hieronder bevat inligting oor Remgro se rapporteringsuite en gee besonderhede oor die gerusstellings wat verkry en die raamwerke wat vir elke verslag gebruik is.

SUITE	TOEGEPASTE BEGINSELS EN RAAMWERKE	GERUSSTELLING VERKRY
Geïntegreerde jaarverslag	• IIRC <IR>-raamwerk • King IV Verslag oor Korporatiewe Bestuur vir Suid-Afrika (2016) (King IV™) • Maatskappywet, (Nr. 71 van 2008), soos gewysig (Maatskappywet) • Noteringsvereistes van die JSE Beperk	• Hersien deur: – Bestuur – Interne oudit/Finansieel – Oudit-en-risikokomitee – Direksie – JSE borg
Gekonsolideerde finansiële jaarstate	• Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) • Maatskappywet • Noteringsvereistes van die JSE	Onafhanklike ouditmening van PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Volhoubare ontwikkelingsverslag	Geen spesifieke raamwerk toegepas	• Hersien deur: – Bestuur – Interne oudit/Finansieel – Maatskaplike-en-etiesekomitee en oudit-en-risikokomitee – Direksie • Koolstofopenbaarmakingsprojek (CDP) verifiëring van sommige nie-finansiële aanwysers
Jaarlikse resultate aanbieding	Nie van toepassing nie	• Hersien deur: – Bestuur – Finansieel – Uitvoerende direkteure – Beleggersverhoudinge
BBSEB-sertifikaat	Departement van Handel en Nywerheid generiese Kode van Goeie Praktyk	AQRate Eiendoms Beperk

REMGRO IS 'N BELEGGINGSHOUERMAATSKAPPY EN DAAROM DUI ALLE VERWYSINGS NA "DIE GROEP" IN HIERDIE KONTEKS OP DIE MAATSKAPPY EN SY FILIALE.

King IV, wat op 1 November 2016 gepubliseer is, bevat 'n stel beginsels wat grondliggend tot goeie bestuur is, asook verwante, rigtinggewende praktykaanbevelings. Die JSE Beperk het sekere van King IV se aanbevole praktyke in die JSE se noteringsvereistes geïnkorporeer, wat tot gevolg het dat hierdie aanbevole praktyke van King IV nou verpligtend is vir maatskappye (soos Remgro) wat op die JSE genoteer is. Die direksie is tevrede dat die maatskappy die beginsels vervat in King IV gedurende die jaar onder oorsig toegepas het. Die korporatiewe bestuursverslag op bladsy 65 verduidelik hoe Remgro, met verwysing na sy eie praktyke, die beginsels van King IV toegepas het.

RAPPORTERINGSGRENSE

1 GEÏNTEGREERDE RAPPORTERINGSGRENSE

Dit sluit die finansiële en nie-finansiële grense in, soos hieronder verduidelik. Daarby word wesentlike aangeleenthede wat verband hou met belanghebbendes se oorwegings, risiko's en geleenthede en bestuursake in die openbaarmaking van hierdie verslag ingesluit.

2 FINANSIËLE GRENSE

Remgro is 'n beleggingshouermaatskappy en daarom sluit alle finansiële inligting in die opgesomde finansiële state geassosieerdes en gesamentlike ondernemings op 'n geëkwiteerde grondslag in, en filiale op 'n gekonsolideerde grondslag.

Die intrinsieke netto batewaarde van die groep sluit waardasies van alle beleggings in. Filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings word teen genoteerde markwaarde geïnkorporeer, of in die geval van ongenoteerde beleggings teen *IFRS 13* "billike waarde"-waardasie.

Verwys na bladsy 25.

3 NIE-FINANSIËLE INLIGTINGSGRENS

Inligting wat verband hou met die maatskaplike en omgewingsvertoning van filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings, waaroor Remgro nie bedryfsbeheer uitoefen nie, word nie volledig deur hierdie verslag gedek nie.

Tensy anders aangedui, hou alle openbaarmaking met betrekking tot maatskaplike en omgewingsvertoning slegs verband met Remgro se werksaamhede by sy hoofkantoor in Stellenbosch.

OMVANG EN GRENSE VAN ONS VERSLAG

Remgro is 'n beleggingshouermaatskappy en daarom dui alle verwysings na "die groep" in hierdie konteks op die maatskappy en sy filiale. Openbaarmaking is gevolglik beperk tot daardie ondernemings waar die groep beheer uitoefen oor finansiële en bedryfsbeleid, behalwe waar sodanige ondernemings die relevante inligting in hul eie jaarverslae publiseer.

Remgro het vier hoofbedryfsfiliale, naamlik RCL Foods Beperk (RCL Foods), Distell Group Holdings Beperk (Distell), Siqalo Foods Eiendoms Beperk (Siqalo Foods) en Wispeco Holdings Eiendoms Beperk (Wispeco). Aangesien RCL Foods en Distell op die JSE genoteer is, is volledige inligting oor hulle finansiële, volhoubaarheids- en maatskaplike vertoning op hul webwerwe, www.rclfoods.com en www.distell.co.za, onderskeidelik beskikbaar.

Siqalo Foods en Wispeco is ongenoteerde volfiliale wat op 'n gedesentraliseerde grondslag as onafhanklike ondernemings bedryf en bestuur word en oor outonome direksies beskik. Gegewe bogenoemde, en ook die feit dat Siqalo Foods en Wispeco, onderskeidelik, slegs 6.8% en 0.9% van Remgro se intrinsieke netto batewaarde verteenwoordig, word net 'n verkorte "nie-finansiële" openbaarmaking gedoen ten opsigte van Siqalo Foods en Wispeco se maatskaplike en omgewingsvertonings. Dit is in ooreenstemming met Remgro se verslagdoening oor die finansiële vertoning van sy onderliggende beleggings.

In navolging van die filosofie hierbo, bestuur Remgro alle onderliggende beleggings op dieselfde gedesentraliseerde grondslag, ongeag of dit filiale, geassosieerdes of gesamentlike ondernemings is. Daarom word inligting wat verband hou met die maatskaplike en omgewingsvertoning van filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings, waar Remgro nie bedryfsbeheer uitoefen nie, nie volledig deur hierdie verslag gedek nie. Inligting word egter wel verskaf in gevalle waar wesentlike volhoubare ontwikkelingskwessies ter sprake is.

WESENTLIKE GEBEURE GEDURENDE EN NA DIE EINDE VAN DIE VERSLAGTYDPERK

Die Covid-19-pandemie en die onderskeie vlakke van inperking het, en sal voortgaan om onderliggende beleggings te beïnvloed. Bestuurspanne se fokus bly daarop om die volhoubaarheid van hul besighede te beskerm deur bedryfsveerkragtigheid, reaksie en aanpassing by die ontwrigtende omgewing en likiditeitsrisikobestuur.

Op 31 Maart 2020 het Remgro aangekondig dat dit voortgaan met die volle uitkering van sy belang van 28.2% in RMB Holdings Beperk (RMH) (RMH-ontbondeling) en sy direkte belang van 3.9% in FirstRand Beperk (FirstRand) behou. Op 8 Junie 2020 het Remgro die belang in RMH, ten bedrae van R23 855 miljoen, uitgekeer in die verhouding van 0.69939 RMH gewone aandele vir elke 1 Remgro-aandeel gehou. Op daardie datum is Remgro se wesentlike invloed oor FirstRand beëindig vanweë, onder andere, die RMH-ontbondeling en is die belegging van 'n geëkwiteerde belegging na 'n belegging teen billike waarde deur ander omvattende inkomste herklassifiseer.

Verwys na die verslae van die hoofuitvoerende beampte en die hoof finansiële beampte onderskeidelik op bladsy 25 en 30 vir 'n kort opsomming van hierdie transaksies. Benewens bogenoemde transaksies, was daar geen ander gebeure gedurende die verslagtydperk of na die einde van die verslagtydperk wat 'n wesentlike uitwerking op die grootte, struktuur of eienaarskap van die groep mag hê nie.

DIREKSIE-GOEDKEURINGSVERKLARING

Die direksie, ondersteun deur die oudit-en-risikokomitee, erken sy verantwoordelikheid om die integriteit en volledigheid van die verslag te verseker. Die direksie gee gesamentlik aandag aan die voorbereiding en aanbieding van die verslag. Ons glo dat die verslag voorberei is in ooreenstemming met die <IR>-raamwerk en dat dit 'n ewewigtige en toepaslike uitbeelding van die maatskappy gee.

Die direksie het die 2020 geïntegreerde jaarverslag op 28 September 2020 goedgekeur.